27.3 RAPPORT 3 – DEPUTATE KERKGROEIBEDIENING – EXPANDO (Artt 205, 269)

27.3 REPORT 3 – DEPUTIES CHURCH GROWTH MINISTRIES – EXPANDO (Arts 205, 269)

A. Ds AJ Burger stel die Rapport.
Rev AJ Burger tables the Report.

B. **Besluit:** Verwys na ad hoc kommissie 2 met die toevoeging van di GC Verhoef en HS Coetzee tot die Kommissie.
Decision: Referred to ad hoc commission 2 with the addition of Revs GC Verhoef en HS Coetzee to the Commission.

C. Ds KP Steyn rapporteer namens ad hoc kommissie 2.
Rev KP Steyn reports on behalf of ad hoc commission 2.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag Twee opdragte word in hierdie Rapport saam hanteer vanweë hulle onderlinge verband. Acta 2015:516, 6.4.1: "Om die proses van die vestiging van die SBTB in samewerking met die Kuratore na te ondersoek, te beplan en in werking te stel" (kyk Rapport Deputate Omkeerstrategie 26.2). Acta 2015:526, 2.3.1: "2.3.1.1 'n Sentrum vir Bedieningstoerusting en Begeleiding (SBTB) word onder toesig van die Kuratore gevestig. 2.3.1.2 'n Persoon word deur die Kuratore aangewys om as koördineerder (Direkteur) van die sentrum op te tree. 2.3.1.3 Die te benoemde Deputate Kerkgroei Bediening en ander rolspelers kan in die vestiging en funksionering van die sentrum betrek word". **Besluit: Kennis geneem.**	**1. Mandate** Two assignments are handled in this Report because of their relation. Acta 2015:516, 6.1.4: "To investigate, plan and implement the process of establishing the SBTB in cooperation with the Curators" (see Report Deputies Turnaround Strategy 26.2). Acta 2015:526, 2.3.1: "2.3.1.1 A Centre for Ministry Training and Guidance (CMTG) is established under the supervision of the Curators. 2.3.1.2 A person is appointed by the Curators to act as co-ordinator (Director) of the centre. 2.3.1.3 The nominated Deputies Church Growth Ministry and other role players can be involved in the establishment and functioning of the centre". **Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem 2.1 *Benaming* Die aanvanklike benaming wat gebruik is in die Rapport van die Omkeer Deputate 2012 en die voortspruitende opdragte van Sinode 2015, *Sentrum vir Bedieningstoerusting en Begeleiding* (SBTB) het geblyk om kerkregtelik problematies te wees. In oorleg met kerkregtelik advies is daarna eerder gepraat van die *Ondersteuningsdiens vir Bedieningstoerusting en Begeleiding* (OBTB).	**2. Matters that the Synod take note of** 2.1 *Name* The initial term used in the Report of the Turnaround Deputies 2012 and the following mandates of Synod 2015: Centre for Ministry Training and Guidance (CMTG) appeared to be problematic with regards to our church polity. After consultation, the following name was subsequently preferred: Support service for Ministry Training and Coaching (SMTC).

Alhoewel hierdie benaming die taak van die diens aan die kerke goed omskryf is dit baie omslagtig en nie gebruikersvriendelik nie. Na besinning deur die Deputate is besluit dat die Latynse uitdrukking *Expando* goed kan dien. Dit is 'n samestelling van *ex* (uit) + *pando (uitbrei, sprei, strek, bekend-maak)*. Dit voldoen ook aan die behoefte om een uitdrukking te kan gebruik in 'n meertalige kerklike omgewing.	Although this designation describes the task of service to the churches well, it is very cumbersome and not user friendly. After deliberations by the Deputies, it was decided that the Latin expression *Expando* could serve well. It is a combination of ex (out) + pando (expand, spread, stretch, announce). It also meets the need to use an expression in a multilingual church environment.
2.2 *Kerkregtelike Plek van Expando binne die GKSA* Na gesprek en oorleg met die TSP Senaat, die Kuratore en kerkregtelike advies is ooreengekom op die plek van Expando binne die GKSA. Hierdie ooreenkoms word als uiteengesit in Addendum A by hierdie Rapport. Let net op dat in die Addendum die benaming OBTB nog gebruik word. Dit moet voortaan Expando lees.	2.2 *Church orderly place of Expando within the GKSA* After discussions and consultation with the TSP Senate, the Curators and receiving church orderly advice the place of Expando within the GKSA was agreed upon. This agreement is set out in Addendum A to this Report. Note that in the Addendum the term CMTC is still used. This must read Expando.
2.3 *Befondsing* Na oorleg met die Administratiewe Buro en die Kuratore het dit duidelik geword dat die Kerkgroei Deputate self fondse moet voorsien vir die vestiging en funksionering van Expando. Daar is vrywillige kollektes deur die Admin Buro hiervoor gevra van die kerke. Na baie tyd spandeer is om verskeie moontlikhede vir volhoubare befondsing onsuksesvol te ondersoek en op te volg, is besluit om donateure te nader om te help met die aanvanklike kostes vir die oprig van Expando terwyl gewerk word aan 'n langertermyn kapitaalfonds wat rente kan lewer om uiteindelik die lopende koste te kan dek. Met dank teenoor die Here is fondse bekom om solank die nodige uitgawes vir die oprigtingsfase te begin dek. Die bestuur van alle fondse word deur die Admin Buro behartig en 'n Bestuursooreenkoms wat as Reglement dien is opgestel vir die Kapitaalfonds (Aangeheg as Addendum B). Die stand van fondse ontvang ten tye van die Rapport (Junie 2017) word weergegee in Addendum C.	2.3 *Funding* After consultation with the Administrative Bureau and the Curators, it became clear that the Church Growth Deputies would have to provide funds for the establishment and functioning of Expando. There were voluntary collections requested by the Admin Bureau from the churches. After spending a lot of time, investigating and following up on various unsuccessful sustainable funding options, it was decided to approach donors to help with the initial costs of setting up Expando while working on a long-term capital fund that would yield interest to eventually cover the running costs. Thanks to the Lord, funds were obtained to cover the necessary expenses for the start-up phase. The management of all funds is managed by the Admin Bureau and a Management Agreement that also serves as a constitution was prepared for the Capital Fund (Attached as Addendum B). The status of funds received at the time of the report (June 2017) is reproduced in Addendum C.
2.4 *Stand van sake en personeel* Dr HPM van Rhyn is as projekleier	2.4 *State of affairs and staff* Dr HPM van Rhyn has in the meantime

tydelik en deeltyds aangestel om solank die nodige te doen om Expando te begin vestig. In hierdie verband werk hy nou saam met die Kerkgroei Deputate en professore van die TSP. Die Deputate het hiervoor 'n ooreen-koms aangegaan met die Kerkraad van GK Pretoria-Noord. Skrywes in hierdie verband is aan die kerke gestuur. Ten tye van die verslag is beplanning ook onderweg om fondswerwers aan te stel om verder aan die befondsing van Expando aandag te gee. Voltydse aanstelling van 'n direkteur en administratiewe hulp om die werk van Expando volskaals voort te sit word eers oorweeg sodra genoegsame fondse daarvoor beskikbaar is.	been appointed as project leader on a temporary and part-time basis to start setting Expando up. In this regard, he works closely with the Church Growth Deputies and Professors of the TSP. The Deputies entered into an agreement with the Church Council of GK Pretoria-Noord. Correspondence in this regard have been sent to the churches. At the time of the Report, planning is also underway to appoint fundraisers to further pay attention to Expando's funding. Full-time appointment of a director and an administrative assistant to continue the work of Expando full-scale will only be considered as soon as sufficient funds are available.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.4 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit In gevolge die Rapport word aanbeveel dat:	**3. Matters that the Synod decide on** In light of the Report, it is recommended that:
3.1 Die Deputate verdere opdrag ontvang om die nodige te doen om Expando volhoubaar te vestig.	3.1 The Deputies are further instructed to continue with the necessary efforts to establish Expando permanently.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.2 Kerke besondere moeite doen om die vrywillige kollektes te oorweeg en die doel daarvan aan die lidmate toe te lig.	3.2 Churches make particular efforts to consider voluntary collections and to convey the purpose to the members.
Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).	**Decision: Approved (amendment already added – Deputies Acta).**
3.3 Die volgende opdragte aan Expando soos op die vorige Sinode besluit steeds voortgesit word om die volgende te behels:	3.3 The following mandate to Expando as decided on at the previous Synod are repeated to involve:
3.3.1 Die skryf van ter saaklike kort kursusse wat nodig is vir die bedieningstoerusting en begeleiding.	3.3.1 The writing of brief short courses required for ministry training and coaching.
3.3.2 Die nagaan en beskikbaarstelling van reeds bestaande kort kursusse.	3.3.2 Regulating and making available existing short courses.
3.3.3 Die werf van skrywers en kundiges plaaslik en oorsee vir die ontwikkeling van kursusse om te verseker dat voortgesette bedieningstoerusting en relevante opleiding vir predikante en lidmate beskikbaar is.	3.3.3 The procurement of authors and experts locally and overseas for the development of courses to ensure that continued ministry training for ministers and members are available.
3.3.4 Die fasilitering van toerusting vir predikante, ampsdraers en lidmate.	3.3.4 The facilitation of training for ministers, office bearers and members.
3.3.5 Relevante kursusse van Mukhanyo Teologiese Kollege wat dmv afstandsonderrig plaasvind, onder lidmate se aandag te bring.	3.3.5 Bring relevant Mukhanyo Theological College courses that take place through distance education, to the attention of church members.
3.3.6 Relevante kortkursusse van die Fakulteit Teologie en TSP onder lid-	3.3.6 Market relevant short courses of the Faculty of Theology and TSP among

mate bemark word. 3.3.7 Die opleiding van predikante om in streke sulke kursusse te fasiliteer en aan te bied. **Besluit: Punte 3.1 tot 3.3.7 goedgekeur.**	members. 3.3.7 The training of ministers to facilitate and present such courses in their regions. **Decision: Points 3.1 to 3.3.7 approved.**

E. **RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE / REPORT OF THE AD HOC COMMISSION**

1. Opdrag 1.1 Bogenoemde Rapport van Deputate Kerkgroeibediening word na ad hoc kommissie 2 verwys om die Sinode te adviseer rakende die hantering van die Rapport. 1.2 Twee broeders word tot die Kommissie gevoeg. **Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.**	**1. Mandate** 1.1 Abovementioned Report of the Deputies Church Growth Minsitries is referred to ad hoc commission 2 to advise the Synod in the handling of the Report. 1.2 Two brothers are added to the Commission. **Decision: Points 1.1 and 1.2 noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem 2.1 Dat die Kerkordelike plek van Expando binne die GKSA strukture in plek is, soos uiteengesit in die Rapport. 2.2 KO, art 36 vereis dat die bewoording van pt 3.2 (“Kerke besondere moeite doen om die vrywillige kollektes te oorweeg en die doel waarvan aan die lidmate toe te lig”) hersien moet word. **Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.**	**2. Matters the Synod take note of** 2.1 The orderly place of Expando within the GKSA structures are in place, as set out in the Report. 2.2 CO, art 36 requires that the wording of pt 3.2 (“Churches make particular efforts to consider voluntary collections and to convey the purpose to members”) be revised. **Decision: Points 2.1 and 2.2 noted.**
3. Aanbevelings 3.1 Die Sinode keur pt 3.1 van die Rapport goed. **Besluit: Goedgekeur.** 3.2 Die Sinode neem kennis van pt 1 en 2 van die Rapport Deputate Kerkgroei-bediening – Expando. **Besluit: Goedgekeur.** 3.3 Dat die bewoording in pt 3.2 van die Rapport Deputate Kerkgroeibediening – Expando soos volg verander word: “Kerke word versoek om vrywillige kollektes te oorweeg en die doel daarvan aan die lidmate toe te lig”. **Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handelinge).** 3.4 Dat pt 3.3 van die Rapport Deputate Kerkgroeibediening – Expando deur die Sinode gekontinueer word. **Besluit: Goedgekeur.**	**3. Recommendations** 3.1 The Synod approves pt 3.1 of the Report. **Decision: Approved.** 3.2 The Synod takes note of pt 1 and 2 of the Report Deputies Church Growth Ministries – Expando. **Decision: Approved.** 3.3 That the wording of pt 3.2 of the Report Deputies Church Growth Ministries – Expando be altered as follows: “Churches are requested to consider voluntary collections and to convey the purpose thereof to members”. **Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).** 3.4 That pt 3.3 of the Report Deputies Church Growth Ministries – Expando be continued by the Synod. **Decision: Approved.**

Addendum A: Plek van Expando in GKSA

UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN DIE KURATORE 21 JUNIE 2016

8.2.3 Finale rapport van die Deputate Kerkgroei aan die Kuratore: versoek tot oprig van GKSA se Ondersteuningsdiens vir bedieningstoerusting en begeleiding.
Versoek tot oprig van die GKSA se Ondersteuningsdiens vir bedieningstoerusting en begeleiding (OBTB).

1. Agtergrond

Sinode 2015 het opdrag aan die Kerkgroeideputate gegee om onder toesig van die Kuratore en in samewerking met die TSP en Bestuur van die Admin Buro, die oprig van 'n sentrum vir bedieningstoerusting en begeleiding (SBTB) te ondersoek en te vestig. Die opdragte tov die funksionering aan die sentrum is reeds deur die Sinode bepaal.

In uitvoering van hierdie opdrag het die Kerkgroeideputate 'n vergadering van verteenwoordigers van die Kerkgroeideputate, die Kuratore en die TSP Senaat byeengeroep.

In die lig van die feit dat die Sinodebesluit ten opsigte van die voorgestelde SBTB die indruk kan wek dat 'n *sentrum* naas die TSP geskep word wat eintlik die werk van die beroepe professore doen, asook in die lig van KO, artt 2 en 18 is die benaming verander na Ondersteuningsdiens vir bedieningstoerusting en begeleiding (OBTB). Onder andere is die rol van die Ondersteuningsdiens ten opsigte van die TSP om die professore te ondersteun en tot diens te wees in die uitvoering van hulle opdrag tot verdere bedieningstoerusting en begeleiding van kerke. Hierdie behoefte van die kerkverband is al deur verskeie Sinodes verwoord.

Die wyse waarop sodanige Ondersteuningsdiens binne die GKSA se strukture en Kerkorde tot stand sou kon kom asook aspekte rakende die finansiering en finansiële bestuur van die ondersteuningsdiens is deur verteen-

Addendum A: Place of Expando in GKSA

EXTRACT FROM THE MINUTES OF THE CURATORS MEETING 21 JUNE 2016

8.2.3 Final Report from the Deputies Church Growth to the Curators: Request for the establishment of the GKSA support service for ministry training and coaching (SMTC).
Request for the establishment of the GKSA support service for ministry training and coaching (SMTC)

1. Background

Synod 2015 has tasked the Church Growth Deputies (CGD) with establishing a centre for ministry training and coaching (CMTC) together with Curators, the TSP and the management of the Administrative Bureau. The mandate regarding the task of the centre has already been determined by Synod.

In fulfilling this task the CGD had a meeting with representatives from the CGD, of the curators and the TSP Senate.

In view of the fact that the Synod decision in respect of the proposed CMTC may give the impression that a *centre* is created next to the TSP which actually does the work of the called professors, and in the light of CO, arts 2 and 18, the name was changed to Support Service for Ministry Training and Coaching (SMTC). Among other things, the role of the SMTC with regard to the TSP is to support the professors and to assist them in carrying out their assignment of ministry training and guidance of churches. This need of the churches has already been expressed by various Synods.

This meeting discussed the way that the SMTC could be established within the framework of GKSA structures and Church Order. The funding and financial management was also discussed. This document contains the result of that

woordigers van die betrokke partye bespreek. Dit word in hierdie dokument uiteengesit en aangebied vir goedkeuring deur die betrokke partye sodat voortgegaan kan word met die oprig van die OBTB.	meeting and serves as recommendation to the TSP Senate and Curators for their approval.
2. Plek van die OBTB binne die GKSA	**2. Place of the SMTC within the GKSA structures**
2.1 *Organogram* Die volgende organogram dui aan waar hierdie Ondersteuningsdiens 'n ordelike plek binne die GKSA kan inneem en wat die verhouding van die sentrum tot die onderskeie rolspelers kan wees.	2.1 *Diagram* The following diagram shows how the centre can be established in an orderly manner within the GKSA and its relation to other role-players.
	
2.2 *Toeligting van organogram* 2.2.1 Direkteur Die OBTB *direkteur* is 'n beroepe professor wat sitting het op die TSP Senaat. Hy gee gevolglik die nodige deurvoer aan die *uitvoerende direkteur* van die Ondersteuningsdiens vanaf die Senaat en lewer ook die nodige *terugvoer*. Hy is verder ook deel van die Sinode se Kerkgroeideputate vanwaar die oorspronklike opdrag kom en waarheen gerapporteer moet word aan die kerke. 2.2.2 Uitvoerende Direkteur Die *uitvoerende direkteur* is 'n predikant wat op versoek van die Kuratore aan 'n spesifieke Kerkraad, onder KO, art 14 toestemming ontvang om sy diens vir 'n tyd lank te onderbreek,	2.2 *Explanation of diagram* 2.2.1 Director The *director* is a TSP professor and member of the TSP Senate and Curators. He gives feedback to these entities regarding the centre and also gives input to the executive director from the TSP Senate and Curators. He also serves on the Church Growth Deputies of the Synod where the original task of the centre was determined and reports back to the churches at Synod. 2.2.2 Executive Director The executive director is a minister from a local church requested by the Curators according to CO, art 14 to interrupt his ministry in that church for a time to serve as executive director of

terwyl hy as uitvoerende direkteur van die ondersteuningsdiens dien (aanstelling sal op 'n 5 jaar basis plaasvind)[1].	the SMTC (appointment would be for 5 years)[1].
Die uitvoerende direkteur se taak is deur die Sinode bepaal en behels onder andere die versameling, verwerking, ontwikkeling en samestelling van toerustingsmateriaal, waar toepaslik, in samewerking met die TSP Senaat (spesifiek die betrokke professor op wie se vakgebied die toerusting sorteer).	The task of the executive director has been determined by Synod and involves, amongst other things, collecting, shortening and developing training material. This will be done in close consultation with the TSP Senate and the relevant Professor of the particular subject.
2.2.3 <u>TSP Senaat</u> Noue samewerking geskied tussen die OBTB en die TSP Senaat. In oorleg met die betrokke professor kan bestaande modules en kursusmateriaal wat gebruik word vir opleiding van predikante verwerk word tot kortkursusse vir die aanbied in kerke.	2.2.3 <u>TSP Senate</u> Close cooperation exists between the SMTC and the TSP Senate. Together with the relevant professor existing modules and training material used in training of ministers can be converted to short courses for training in churches.
2.2.4 <u>Kuratore</u> Die uitsette van die OBTB geskied onder toesig van die Kuratore soos in die geval van die TSP Senaat.	2.2.4 <u>Curators</u> The output of the SMTC be with the approval of the Curators similar to the output of the TSP Senate.
2.3 *Bestuur van die OBTB* Die bogenoemde organogram en toeligting dui die plek aan wat die OBTB binne die GKSA strukture kan inneem. Die OBTB het egter 'n eie bestuur nodig om die administratiewe, finansiële en personeel aangeleenthede te behartig. Hierdie besonderhede is reeds uitgewerk deur die Kerkgroeideputate in lyn met die opdrag van die Sinode.	2.3 *Management of the SMTC* The diagram above indicates the place of the SMTC within the GKSA structures. The SMTC further has its own internal team responsible for managing the administrative, financial and staff aspects. The details regarding this has already been outlined by the CGD workgroup responsible for the centre.

[1] Ideaal gesproke sou nog 'n professor beroep en afgesonder kon word om hierdie dienswerk te verrig (vgl Acta 2015:527, 2.3.2.2). Die toekomstige moontlikheid hiervan is nie uitgesluit nie en kan op 'n latere stadium ondersoek word. Vanweë verskeie faktore is die mees haalbare op die korttermyn die opset soos voorgestel in hierdie dokument.

1 Ideally, another professor could be called and tasked to perform this service (cf. Acta 2015:527, 2.3.2.2). The future possibility of this is not excluded and can be investigated at a later stage. Due to several factors, the most feasible in the short term is the approach as proposed in this document.





Hierdie bestuur bestaan uit die direkteur (TSP professor), uitvoerende direkteur (art 14 predikant), administratiewe beampte, finansiële adviseur, verteenwoordiger van die Kerkgroeideputate, adviseurs van verskillende belangegroepe van die kerke, 'n kundige op die gebied van gemeenskapsprojekte en 'n verteenwoordiger van die plaaslike kerk van die art 14 predikant.

This team will consist of the director (TSP professor), executive director (art 14 minister), administrative officer, financial advisor, member of Church Growth Deputies, advisors from churches, people experienced with community projects and a representtative form the art 14 Church.

3. Finansiering en finansiële bestuur

Die besluit van die Sinode lui dat die Kerkgroeideputate in samewerking met die Kuratore en die bestuur van die Admin Buro 'n finansieringsplan ondersoek en indien moontlik in werking stel.

Kontak is deur die Kerkgroeideputate met donateurs uit die kerke gemaak wat bereid is om te help om die sentrum te befonds. Finale ooreenkomste hang af van die finalisering van die ondersteuningsdiens se oprigting en bestuur. Kortliks behels die plan dat aanvanklike bedryfskapitaal deur donasies vir die eerste 3-5 jaar verkry word. In hierdie tyd word langer termyn planne in werking gestel om 'n kapitaalfonds op te bou en moontlik kollektes van die kerke in te faseer om volhoubare finansiering te bewerk. Die Admin Buro administreer hierdie fondse.

Sodra finaliteit van alle partye verkry is oor die oprigting van die OBTB soos voorgestel in hierdie dokument is aanvanklike fondse reeds beskikbaar

3. Funding and financial management

The decision of Synod is that the CGD together with the Curators and the management of the Admin Bureau should research a plan for funding the centre and, if possible, execute it.

The CGD has made contact with possible sponsors but final agreements can only be made when the final decisions has been made by the TSP Senate, the Curators and the CGD. Shortly the plan involves two strategies. First sourcing the funds for initial operational expenses and gaining the services of a fundraiser. Secondly to establish and build an investment fund that would be able to support the work of the centre through interest earned. The Admin Buro will administrate these funds.

As soon as a final agreement has been reached regarding the establishment of the SMTC as proposed in this document, funds are already available to appoint a

om ‘n fondswerwer aan te stel om met bestaande en nuwe kontakte op te volg. Sodra die aanvanklike bedryfskapitaal dan redelikerwys in sig is kan dadelik voortgegaan word met die identifisering en aanstelling van die art 14 predikant en die funksionering van die Ondersteuningsdiens.

4. Aanbevelings

4.1 Dat die TSP Senaat die voorstel vir die oprig van die OBTB soos hierbo voorgestel goedkeur.

4.2 Dat die Kuratore die voorstel vir die oprig van die OBTB soos hierbo voorgestel goedkeur.

4.3 Dat, indien die voorstel deur die Kuratore goedgekeur word, die aangewese gesamentlike kommissie van die Kuratore en die Deputate Kerkgroei versoek word om sodra die fondse beskikbaar is, ‘n geskikte kandidaat te identifiseer wat genader kan word om op te tree as uitvoerende direkteur van die OBTB.

LEDE VAN DIE KOMMISSIE
Kerkgroeideputate
Dr G van Wyk, ds P Venter.
TSP Senaat
Proff G Breed en IW Ferreira.
Kuratore
Drr DG Breed, D Lartz en Di. HJP de Beer, PPM Modise en CA Jansen.

<u>Onderskeie Besluite geneem deur die TSP Senaat en GKSA Kuratore</u>

Besluite van die Senaat TSP op 15 Junie 2016

1. Aanbeveling 4.1 hierbo word in beginsel goedgekeur, maar die saak van OBTB moet verder verfyn word deur die Deputate.
2. Die Senaat beveel aan dat die Kuratore die aanbeveling soos in 4.2 hierbo in beginsel goedkeur.
3. Die Senaat beveel aan dat aanbeveling 4.3 terugverwys word na die Deputate om verder met die Kuratore uit te klaar.

fundraiser to follow up this task. When reasonable funds needed for operating the centre are eventually available, the Curators can go ahead with the next step in identifying and appointing the art 14 minister.

4. Proposals

4.1 That the TSP Senate approve the establishment of the SMTC as proposed above

4.2 That the Curators approve the establishment of the SMTC as proposed above

4.3 That, if the proposal is approved and funds are available, the appointed combined commission of the Curators and the Church Growth Deputies are requested to identify a suitable candidate that can be appointed in the light of CO, art 14.

MEMBERS OF THE MEETING
Church Growth Deputies
Dr G van Wyk, Rev P Venter.
TSP Senate
Proff G Breed and IW Ferreira.
Curators
Drr DG Breed, D Lartz en Revs, HJP de Beer, PM Modise and CA Jansen.

<u>Relevant Decisions taken by the TSP Senate and GKSA Curators</u>

Decisions of Senate TSP on June 15, 2016

1. Recommendation 4.1 above is approved in principle, but the issue of SMTC must be further refined by the Deputies.
2. The Senate recommends that the Curators approve the recommendation as in 4.2 above in principle.
3. The Senate recommends that recommendation 4.3 be referred back to the deputies to follow up with the Curators.

Besluit van die Kuratore op 21 Junie 2016 Die saak word goedgekeur na enkele wysigings, maar die fyner besonderhede sal nog uitgewerk word.	*Decision of the Curators on 21 June 2016* The proposal is approved following a few amendments, but the finer details will be established.

Addendum B: Bestuursooreenkoms van Kapitaalfonds met Admin Buro	**Addendum B: Capital Fund Management Agreement with Admin Bureau**
KERKGROEI DEPUTATE BESTUURSOOREENKOMS	**CHURCH GROWTH DEPUTATE MANAGEMENT AGREEMENT**
Ooreenkoms aangegaan deur en tussen	Agreement entered into Door and between
Die Administratiewe Buro	**The Administrative Bureau**
En	and
Die Kerkgroei Deputate	**The Church Growth Deputies**
1. Agtergrond As deel van die opdragte van die Algemene Sinode 2015 van die GKSA is 'n Fonds (hierna genoem OBTB) gestig vir die *Ondersteuningsdiens vir Bedieningstoerusting en Begeleiding vir die GKSA*. Beheer en bestuur van die fondse word deur Die Kerkgroei Deputate (hierna genoem KGD) in oorleg met die Administratiewe Buro ingevolge hierdie ooreenkoms gedoen.	**1. Background** As part of the mandates from General Synod 2015 of the GKSA, a Fund (hereinafter referred to as SMTC) was established for the *Support Service for Ministry Training and Coaching*. Control and management of the funds are done by The Church Growth Deputies (hereinafter referred to as CGD) in consultation with the Administrative Bureau under this agreement.
2. Woordbepalings **ADMINISTRATIEWE BURO** Die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. **DEPUTATE** Persone aangewys deur die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die bestuur van hierdie fonds. **INKOMSTEBELASTINGWET** Die Inkomstebelastingwet, 1962 Wet no.58 van 1962) soos gewysig. **GKSA** Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.	**2. Definitions** **ADMINISTRATIVE BUREAU** The Administrative Bureau of the Reformed Churches in South Africa. **DEPUTIES** Persons appointed by the General Synod of the Reformed Churches in South Africa for the management of this fund. **INCOME** The Income Tax Act, 1962 Act No.58 of 1962) as amended. **GKSA** The Reformed Churches in South Africa.

3. Naam van die Fonds Die Kerkgroei Kapitaal Fonds (hierna die FONDS genoem) is tydens die Januarie 2015 Sinode (hierna die AANVANGS-DATUM genoem) gestig.	**3. Name of the Fund** The Church Growth Capital Fund (hereinafter referred to as the FUND) was established during the January 2015 Synod (hereinafter referred to as the START DATE).
4. Doel van die Fonds Die doel van die Fonds is om die finansiële bedrywighede van die OBTB te bestuur ten einde Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika by te staan in hulle omkeer en groei.	**4. Purpose of the Fund** The purpose of the Fund is to manage the financial operations of the SMTC in order to assist Reformed Churches in South Africa in their turn and growth.
5. Status Die FONDS is 'n fonds van die Administratiewe Buro van die GKSA (Inkomsteblastingregistrasienommer 9009248189). Die Administratiewe Buro het Inkomste-belasting vrystellingstatus ingevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 en funksioneer ingevolge die negende bylaag van die genoemde Wet.	**5. Status** The FUND is a fund of the GKSA Administrative Bureau (Income Tax Registration Number 9009248189). The Administrative Bureau has Income Tax Exemption Status in terms of Section 30 of the Income Tax Act 58 of 1962 and operates in terms of the ninth annexure of the said Act.
6. Geregistreerde kantoor Die geregistreerde kantoor van die FONDS is geleë te Molenstraat 62, Potchefstroom.	**6. Registered office** The registered office of the FUND is located at 62 Molen Street, Potchefstroom.
7. Bestuur van die fonds 7.1 *Deputate* Die DEPUTATE of hul sekundi is verantwoordelik vir die bestuur van die FONDS en verrig alle nodige handelinge namens die FONDS en die ADMINISTRATIEWE BURO administreer die FONDS ingevolge sy Reglement. (Ingeval enige bepaling van hierdie ooreenkoms bots met die bepalings van die Reglement van die Adminstratiewe Buro geld die bepalings van die Adminstratiewe Buro se Reglement.) 7.2 Die Deputate wys 'n voorsitter uit hul geledere aan. 7.3 Besluite van die Deputate word by wyse van meerderheidstem geneem. 7.4 Die Deputate bestuur die Fonds met die doel om 'n standhoudende fonds te vestig. 7.5 Samestelling van Deputate Die Algemene Sinode wys die Deputate aan.	**7. Management of the fund** 7.1 *Deputies* The DEPUTIES or their second party is responsible for the management of the FUND and performs all necessary actions on behalf of the FUND and the ADMINISTRATIVE BUREAU administers the FUND in accordance with its Rules of Procedure. (In case any provision of this agreement conflicts with the provisions of the Administrable Bureau's Rules, the provisions of the Administrable Bureau regulations apply.) 7.2 The Deputies appoint a chairman. 7.3 Decisions of the Deputies are taken by majority vote. 7.4 The Deputies manage the Fund with the aim of establishing a standing fund. 7.5 Composition of Deputies General Synod appoint the Deputies.

7.6 Termyn van Deputate	7.6 Term of Deputies
7.6.1 Die termyn van die Deputate is vir ‘n tydperk van drie jaar, van een Algemene Sinode tot die volgende Algemene Sinode tensy die Algemene Sinode anders besluit. Die Deputate mag weer deur die Sinode vir volgende termyne benoem word.	7.6.1 The term of the Deputies shall be for a period of three years, of a General Synod to the following General Synod unless General Synod decides otherwise. The Deputies may again be nominated by the Synod for subsequent terms.
7.6.2 Die Deputate behoort bepaalde kundigheid te betrek met die belê en bestuur van die fonds.	7.6.2 The Deputies should involve some expertise in investing and managing the fund.
8. Fondse	**8. Fund**
8.1 *Fondse* Fondse word verkry deur bydraes te ontvang van meewerkende kerke of individue.	8.1 *Funds* Funds are obtained by receiving contributions from collaborating churches or individuals.
8.2 *Kapitaalfonds* Die kapitaal van die Fonds groei deur bydraes en beleggingsopbrengs.	8.2 *Capital Fund* The Fund’s capital grows through contributions and investment returns.
8.2.1 Tot 80% van die jaarlikse beleggingsgroei kan aangewend word vir die lopende uitgawes van die *Ondersteuningsdiens vir Bedieningstoerusting en Begeleiding* en ander moontlike uitgawes noodsaaklik vir die bereik van kerkgroei doelwitte in die GKSA.	8.2.1 Up to 80% of the annual investment growth can be used for running expenses of the SMTC and other possible expenses necessary for achieving church growth goals in the GKSA.
9. Administrasie	**9. Administration**
9.1 Die Administratiewe Buro van die GKSA sal as voertuig dien vir die administrasie van die fonds.	9.1 The Administrative Bureau of the GKSA will serve as a vehicle for the administration of the fund.
9.2 Die Deputate bepaal die aktiwiteite waarvoor die fondse aangewend moet word. Dit sluit in die verkryging van fondse ten einde die doel van die Fonds te bereik.	9.2 The Deputies determine the activities for which the funds must be used. This includes the acquisition of funds in order to achieve the purpose of the Fund.
9.3 Begrotings word gekoördineer en in oorleg met die Administratiewe Buro vasgestel. Die begrotings vorm deel van die Administratiewe Buro se oorhoofse begroting. Die oorhoofse begroting word deur die Bestuur van die Administratiewe Buro goedgekeur.	9.3 Budgets are co-ordinated and determined in consultation with the Administrative Bureau. The budgets form part of the Administrative Bureau’s overall budget. The overhead budget is approved by the Management of the Administrative Bureau.
9.4 Die Administratiewe Buro mag slegs uitbetalings doen na skriftelike versoek daartoe deur die Deputate. Die opdrag vir herhalende betalings mag by wyse van ‘n enkele opdrag gegee word.	9.4 The Administrative Bureau may only make payments upon written request by the Deputies. The assignment for recurring payments may be given by means of a single assignment.
9.5 Die Bestuur van Administratiewe Buro maak beleggings van fondse wat nie in die korttermyn benodig word binne die magte van die Buro ingevolge sy	9.5 The Management of Administrative Bureau makes investments of funds that are not required in the short term within the powers of the Bureau in

Reglement. Die Deputate mag die Bestuur opdrag gee om die fondse op 'n bepaalde wyse te belê mits dit binne die magte van die Buro ingevolge sy Reglement val.	accordance with its Rules. The Deputies may instruct the Management to invest the funds in a particular manner, provided that they fall under the powers of the Bureau in accordance with its Rules.
9.6 Die Deputate moet oor die inkomste en besteding van fondse aan die Algemene Sinode verslag doen. Die volledige finansiële verslag met kommentaar/nota's moet by die Deputate se Rapport aan die Algemene Sinode as Bylae aangeheg word. Die finansiële verslag(kommentaar) moet tydig aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorsien word aangesien die ook deel vorm van die Administratiewe Buro se verslag.	9.6 The Deputies must report on the income and expenditure of funds to General Synod. The full financial report with comments/notes must be attached to the General Synod as Depositors at the Deputies' Report. The financial report (comments) must be provided to the Management of the Administrative Bureau in a timely manner, as it is also part of the Administrative Bureau's report.
10. Wysiging van die Ooreenkoms Die ooreenkoms kan slegs deur die partye gewysig word by wyse van skriftelike wysiging.	**10. Amendment of the Agreement** The agreement may only be amended by the parties by written amendment.

Addendum C: Expando fondse / Finances

Expando befondsing / financing

Projekbestuur / Project management	
Projekleier en oprig kostes / Project leader and establishing expenses	500 000.00
Fondswerwers en kostes / Fundraisers and expenses	500 000.00
Toerusting / Equipment	
Toerusting / Equipment	0.00
Lopendekoste / Operational Expenses	
Direkteur en Admin assistent / Director and Admin assistant	300 000.00
Kapitaalfonds / Capital Fund	
	0.00